



# Landsdiens Land Service

KWA ZULU NATAL

NUUSBRIEF / NEWS LETTER

Augustus 2018

† Dade nie woorde †  
† Deeds not words †



## VOORWOORD

Landsdiensmaats

Waar ons nou die halfpadmerk van 2018 verby gestee het is daar baie om voor dankbaar te wees. Ons het twee geslaagde Provinsiale kampe aangebied en stuur vanjaar weereens 'n sterk groep Landsdieners na die Nasionale kampe. Baie geluk aan elkeen van julle.

There was great comradery between the different groups at the camps and the love that was shown towards your fellow Land Service Maats was commendable. This is definitely something unique to Land Service. The visible commitment to our four pillars. The caring and sharing extended even further and you made a huge difference to the lives of a lot of abandoned cats and dogs.

Ons Junior Kampeiers het hulle weer baie goed van hulle taak gekwy. Dit is elke jaar 'n stryd om slegs twee Landsdieners aan te wys om hierdie groot taak te verrig.

Aan ons Matrikulante wat aan die einde van hulle skooljare Landsdiens gekom het, wil ons sterkte toewens met die laaste twee eksamens wat voorlê. Moet egter nie afskeid van Landsdiens neem nie, die volgende fase van Landsdiens lê nou vir jou voor. Sluit aan as 'n student of 'n jong volwassene en kom ploeg terug in die beweging wat jy daaruit gekry het.

To each one of the adults that joined the camps during the holidays, thank you is such small words for the tremendous task that you fulfil. I hope that you recharged your batteries enough and that the next stretch will be a breeze.

To Omo Maude who wanted to be at the camps but could not attend due to ill health, we wish you well and a speedy recovery.

Hi, Ek is Albon.

Die Nasionale kampe vind plaas van 8 tot 12 Desember 2018. Gr 8 & 9 en Gr 10—12 by Mentorskraal te Jeffreysbaai. Gr 6 & 7 kamp by De Hoek, Oudtshoorn.



Tannie Lucy, wat die provinsie se admin hanteer, baie dankie vir tannie se geduld as die Klubleiers vashaak met die registrasies op die databasis, as die Klubleiers vergeet om betyds kamplyste en gelde aan te stuur. Ons waardeer al Tannie se harde werk.

Oom George wat met groot moeite hierdie Nuusbrieff aanmeekaarsmeek! Dit is nie 'n spelfout nie! Hy doen baie moeite met elke artikel en foto wat aangestuur word sodat ons 'n Nuusbrieff van goeie gehalte kan uitstuur.

I want to conclude with the following "A positive mind will give you a positive life"

Stay positive in whatever you do and your positivity will flow over and influence others and that way we can make a difference where ever we go.

**Tannie Anita**



'n Geelhoutboompie wat Piet Retief klub geplant het. Geelhoutbome en Witgatbome is bome van die jaar.



## Redaksionele Beleid / Editorial Policy

Berigte word deur leerders van KZN Landsdiens geskryf. Om deelname te bevorder, word slegs die ergste spelfoute reggemaak. Ons plaas graag jou naam as jy dit verskaf. Hierdie blad en fotos mag nie sonder ouers/voogde se toestemming op sosiale media geplaas word nie.

Reports are written by pupils of KZN Land Service. To promote participation, only the worst spelling mistakes are corrected. We will gladly place your name, if provided. This publication and photos may not be placed on any social media without permission of parents/guardians.



## GELOFTE PRIMÊR

### Oom Piet se Plaas (Areakamp)

Dit was 'n prettige ondervinding; toe ons daar aankom het hulle ons met ope arms en warm harte verwelkom. Die eerste aand het ons onder die sterre gelê en aktiwiteite gedoen. Die volgende dag het vroeg begin en laat geëindig; dit was vol prettige aktiwiteite en ons het baie nuwe mense leer ken. Daar was baie smaaklike etes. Met die busrit oppad terug skooltoe het almal lekker saam gesing en gelag.

### Paasfees skattejag

Die Vrydagmiddag het die Landsdieners bymekaar gekom en liedjies gesing terwyl die Landsdiensbestuur die wenke en paaseiers gaan wegsteek het. Die kinders het dit baie geniets om om die skoolterrein te hardloop en die leidrade uit te werk om na die volgendes toe te jaag. Op die ou einde was daar 'n lekker soet prys vir almal wat deelgeneem het.

### Moeders- en Vadersdag

Vir Moedersdag het ons oulike fotorame gemaak vir die moeders om 'n foto van hulle gesin in te sit.

Vir Vadersdag het ons ou blikkieskos se blikkies herontwerp om oulike houertjies te maak vir die vaders sodat hulle hulle "bits and pieces" daarin kan hou.

### "Cupcakes" versier

Nog een van ons Vrydag aktiwiteite was toe ons kolwyntjies versier het. Elke Landsdiener het vir hulleself versiersuiker en versierings gebring om hulle eie kolwyntjies te versier en kon daarna daardie lekker soet happie eet.

### Bingo

Een van die aktiwiteite waarvoor die kinders altyd lief is, is om Bingo te speel. Die wenner van elke Bingo rondte kry 'n prys; hierdie speletjie laat die kinders altyd naels kou...: Jy kan soms net één nommer weg wees van Bingo en dan skree iemand anders dit voor jou uit... J

Dit is net so 'n paar van die prettige goed wat ons by Geloftelandsdiens gedoen het.

Thalita vd Walt

## Oom Piet se plaas



## Kolwyntjies bak



EMPANGENI HIGH SCHOOL



**EHS'S LAND SERVICE AND SCIENCE CLUBS  
CELEBRATED EARTH DAY BY PLANTING SOME FRUIT TREES  
IN THEIR SOON TO BE VEGETABLE GARDEN.  
HOPING TO ENJOY THE FRUITS OF THEIR LABOUR IN A  
COUPLE OF YEARS.**



## GERT MARITZ P/S

### Klubkamp

Eco Gecko van Gert Martiz P/S in Pmb se onlangse klubkamp was n eerste vir baie lede. Gelukkig was die kampterrein sommer in die stad, mens sou dit nooit kon raai nie, en almal kon vinnig Vrydag middag tent opslaan en vere regskeud vir die kamp!

Ons het n ongelooflike klomp interresante feite gehoor van tannie Debbie van Free me in Howick rakende biodiversiteit. En die geleentheid gehad om self vir interressante insekte en goggas te gaan soek. Daar benewens het waterbesparing en besoedeling die hele kamp deur baie aandag gekry.

Aandgodsdienste om die groot kampvuur het ons almal nuwe insigte gegee hoe om God se stem in die natuur te hoor! Ons het die mooiste Vadersdag kaartjies gemaak vir n handaktiwiteit.

Soos op enige kamp het ons glad nie n tekort aan heerlike kos en snoepery gehad nie.

Ons wil sommer gou weer gaan kamp..... asseblief juffrou Nell.



**LAND SERVICE BRING-A-FRIEND BRAAI IS HELD ANNUALLY TO INTRODUCE NEW LEARNERS TO OUR CLUB. A FUN FILLED AFTERNOON WAS SPENT DOING GARDENING AND PLAYING SOME GAMES.**

**EMPANGENI HIGH SCHOOL**





## HEUWELLAND



The Land Service club has very busy.

We decorated our own bags, and looked at ways of how to use water wisely.

For Easter we made paper weights using socks and rice.

We had so much fun manning the water table for the Tronox marathon.



For mother's day we made beautiful cards and coconut ice, and with much concentration we managed to sew our own cellphone covers and weave bowls using wool and paper plates. The best activity to date was when we got our hands sticky making soap on a rope for Father's day.

We cannot wait to see what activities lie ahead.





## PIET RETIEF

### Modder! Modder !

Landsdiens 2018 skop af op 'n hoogtepunt!

Hierdie jaar gaan ons fokus op ons aarde en wat ons as mens kan doen om dit op te pas. Daarom is ons jaartema hierdie jaar **Im-mergroen Geaard**. Al ons aktiwiteite gaan dan ook om hierdie tema plaasvind. Ons boom van die jaar is die Geelhoutboom, die Witgat "Shepard,s tree." So begin ons dan ook hierdie jaar heelgepas met 'n modderdag. Die kinders het hul self gate uitgeniet. Daar is gerol, gesmeer, gegly, gegooi en gebou met modder. Party kinders was so vol modder, dat hul ouers hul nie eers herken het nie. Na 'n heerlike dag van net kindwees en speel is ons almal gereed vir die jaar se landsdiens.



### Spore, wild en Bokdrolspoeg

Wat het hierdie drie ingemeen? Vra dit vir enige landsdiens kind en hul sal gou vir jou vertel van hul heerlike uitstappie by mnr. E Eggars se plaas.

Gestewel en gespoor met tekkies en 'n waterbottel het so 'n honderd landsdieners die veld aangedurf. Ons was bevoorreg om 'n wild en natuur kenner saam met ons te kon he. Gou was die eerste spore raakgesien en geidentifiseer. Ons het ook verskeie wild raak geloop soos swartwildebeeste, rooibokke, zebra's, springbokke en waterbokke. Daarna is die middag op 'n hoogte punt geindig deur 'n bokdrolspoeg kompetisie. Wel 'n klomp van ons het maar ons neuse opgetrek. Dit was 'n baie leer-same middag. .



**Save Me!**

Initiated by Mrs C Klein Snakenberg, EHS educators dressed in green today in support of.....  
**Save our endangered Pickersgill's reed frogs!**

### Landsdiens eindig kwartaal op 'n hoë noot.

Dit is beter om te gee as om te ontvang. Die landsdiens se een leuse is liefde vir my naaste. Woensdag 14 Maart het 150 leerlinge die kans gekry om te kan gee aan ander. Ons het uit afvalhouers blombakke gemaak. Nadat daar heerlik met die hande in die kompos sak gegrou is het ons 'n varing geplant. Hierdie plantjie kon hulle gaan uitdeel aan iemand wat hul voel dit nodig het. Baie mamas en pappas se dag was gemaak.



## SUID NATAL HOÛRSKOOL

### WATERPROJEK: [Maart – April]

Landsdieners het die Water-na-die-Kaap-projek geïnisieer en uiteindelik die skool betrek. Suidies spog met 103 bottels om die Kapenaars se dors te les.



### OPERASIE-SKOONMAAK: [Mei]

Suidies is trots om hul energie te gebruik vir operasie-skoonmaak by die skool. Van links na regs :Janus Wagenaar, Carmen Thompson, Ethan Grobler en Gemma van Staden

### BYBELSTAP [Mei]

Die hele skool plaas hul munte op die verhoog voordat die Bybelstap begin.

[deur Landsdiens geïnisieer]

Valerie se Bybelstap-banier word gehys nadat almal hul Bybelstap voltooi het ... nou wag daar 'n lekker verversinkie op elk. Ons het 'n pragtige R4 000 ingesamel !



### MOTORWASPROJEK [April]



Die graad 10's is fluks besig om die Chevvie blink te politoer. Mijoneke Wessels, Marlene Cloete, Cindy Bond en Nicole Janse van Vuuren



Die graad 11's doen spanwerk. Ankia Stander, Tiaan Henderson, Cara van Zyl en Candice McDonald

# Rungu & Albon

Oorspronklik deur Fredrich Nezar